**Saterdag 11 Augustus**

| **Skrifgedeelte: 1 Timoteus 4:1-5** | **Fokusgedeelte: 1 Timoteus 4:1** |
| --- | --- |

# Die dood in die pot!

In die laaste dae, ja ook in ons leeftyd, sien ons hoe waar hierdie waarskuwing van Paulus aan Timoteus is.

Die huisgesin is die plek waar kinders kan verwag om goeie kos te kry. In die Here se huisgesin is dit die gesonde leer, die Woord. Maar die bose haat die huisgesin van die Here. Daarom probeer hy om die kinders van die Here met slegte, giftige kos te vergiftig. Dit is die dwaalleer.

Vandag word die dwaalleer kwistig uitgedeel. Dwaalleer wil jou laat vergeet dat Jesus Christus werklik alles vir jou gedoen het. Jy moet dit met die geloof aanneem. Dit is genoeg. “Nee”, sê die dwaalleraar, “dit is te min. Daar is iets wat julle moet doen.” Om gered te wees, moet jy jou las dra.

Daarna gee Paulus twee voorbeelde van laste wat op mense gelê word. Hulle mag nie trou nie, en hulle mag nie sekere kosse eet nie. Dwaalleer belaai ’n mens altyd met laste. As jy jou las goed genoeg dra, sal jy miskien gered word, sê hulle. So verander hulle die seën van die Here in ’n straf.

Wat ’n wonderlike voorreg om te trou en te eet. Wat ’n heerlike geleentheid om in dankbaarheid die Here te aanbid! Trou en eet is deel van ons lewe, en soos alles in ons lewe, moet ons dit tot sy eer doen.

Hierdie gedeelte leer ons om waaksaam na ons geestelike spyskaart te kyk: Eet ons die brood van die lewe?

*Sing: Psalm 65-1:3*

*Ds. Dirk van’t Zand (Witpoortjie)*